

# Documentation Based Care-behandelingsprogram



medihelp

120<sup>+</sup>  
JAAR

**Medihelp se behandelingsprogram van Documentation Based Care (DBC) is vir alle lede (behalwe MedMove!-lede) wat aan rug- en nekpyn ly. Dit is 'n voorvereiste vir spinale chirurgie.**

Die program verbeter die algemene soepelheid van die rug en nek, versterk spesifieke rugspiere om pyn te verlig, en help om normale rug- en nekfunksie te herstel.

DBC gebruik 'n interdisiplinêre span mediese praktisyns, insluitend algemene praktisyns, fisioterapeute en biokinetikusse.

## Gebruik DBC se fasiliteite en gesondheidsorgverskaffers

Jy moet behandeling by DBC-dokters by DBC-fasiliteite kry. Jy mag nie jou eie dokters of mediese fasiliteite gebruik nie.

## Hoe om die behandelingsprogram te gebruik

### 1 Bel DBC

Kontak jou naaste DBC-fasiliteit om 'n afspraak te maak.

### 2 Ondergaan 'n evaluering

Ondergaan 'n mediese evaluering by DBC en as jy kwalifiseer, sal DBC jou en Medihelp in kennis stel van die behandelingsplan.

### 3 Registreer

Voltooi die nodige vorms by DBC en hulle sal die program by Medihelp registreer.

### 4 Ontvang behandeling

Voltooi die voorgeskrewe behandelingsprogram.



## Beskikbare voordele

Rugbehandeling by 'n DBC-fasiliteit vir pasiënte wat hiervoor kwalifiseer of as 'n voorvereiste vir spinale chirurgie

Addisionele konsultasiefooie vir diensverskaffers en X-strale (MRI's met beperkings of bybetalings) is nie in die algehele fooi ingesluit nie

Arbeidsterapie is beskikbaar by DBC se fasiliteite, maar is nie deel van die behandelingsplan nie

Een behandeling in 'n siklus van 12 maande per begunstigde, betaalbaar teen 'n globale fooi vanuit kernvoordele. Die volgende behandeling mag eers 12 maande ná die einddatum van die vorige behandeling begin.

Beskikbare dag-tot-dag voordele

Beskikbare dag-tot-dagvoordele

Om 'n DBC-fasiliteit naby jou te vind:

[KLIK HIER](#)

**medihelp.co.za**

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738)

